



8 September 2017

MEDIAVRYSTELLING

2017-AGRI NW KONGRES FOKUS OP VOLHOUBAARHEID DEUR EIENDOMSREGSEKERHEID EN VERHOOGDE PRODUKTIWITEIT

Agri NW se kongres wat op 5 en 6 September 2017 by die NWK Opleidingsentrum in Lichtenburg aangebied is, het uiters suksesvol verloop.

Die tema van die kongres: Volhoubaarheid deur Eiendomsregsekerheid en Verhoogde Produktiwiteit het produsente opnuut bemagtig en toegerus met intydse inligting en kennis wat hul in staat sal stel om meer volhoubaar en mededingend te produseer in toenemende veranderde landbou- en politieke omstandighede.

Ervare en kundige sprekers het die kongres toegesprek. Op 5 September het regter Antonie Gildenhuys die invloed van grondhervorming op eiendomsregsekerheid hanteer. Regter Gildenhuys het dit onder andere benadruk dat niemand van hul eiendom ontnem mag word nie behalwe ingevolge en algemene geldende regsvoorskrif, en dat geen regsvoorskrif die arbitrêre ontneming van eiendom mag veroorloof nie. Annelize Crosby, parlementêre skakeling en regs- en grondsakevertegenwoordiger en adviseur van Agri SA het verder uitgebrei in haar voorlegging oor grondhervorming, politiek en die openbare mening in 2017. Crosby het in haar voorlegging gesê dat gevaarlike besig is om te flikker as daar gekyk word na die grondhervormings-scenario's wat in 2015 deur 'n span kundiges ontwikkel is. Alles dui daarop dat arm mense hulle geduld begin verloor met die stadige vordering met grondhervorming en dat 'n elite-groepering besig is om grondhervorming tot 'n redelike mate te kaap. Hierdie scenario's wys ook daarop dat grootskaalse grondbesetting, radikale wetgewing en beleid en voedselonsekerheid waarskynlik Suid Afrika se voorland kan wees as die kwessie nie dringend aangespreek word nie. Crosby sê ook dat haatspraak teen grondeienaars besig is om toe te neem en aangeblaas word deur die onverantwoordelike uitlatings wat gemaak word deur politici en opportuniste. Sy waarsku ook dat dreigemente ten opsigte van die wysigings of skraping van artikel 25 van die Grondwet nie ligtelik opgeneem moet word nie.

Tydens die tweede dag het dr Herman van Schalkwyk, direkteur van die Suidwes Groep gepraat oor mededingendheid, beleid en die volhoubaarheid van Suid-Afrikaanse landbou. Van Schalkwyk het gesê dat ekonomiese groei Suid Afrika steeds ontwyk. Suid Afrika het meer as 'n 3% groei in BBP nodig om 'n verskil in die ekonomie te kan maak. Die ideaal waarna Suid Afrika moet strew is 'n 6%-groei.

Uitvoerende Komitee

President: Pierre Vercueil – 082 524 8636

Vise-president: Cobus van Zyl – 083 283 7076

Vise-president: Willem De Chavonnes Vrugt – 082 946 2303

Uitvoerende Hoofbestuurder: Boeta du Toit – 082 388 1722

Adjunk-Hoofbestuurder: Naudé Pienaar – 082 776 8283

Lang termyn infrastruktuur agteruitgang maak dit ook al moeiliker vir die Suid-Afrikaanse ekonomie om te presteer. Suid Afrika se fokus sal op verhoogde produktiwiteit moet wees om volhoubaar te wees. Een van die faktore wat produktiwiteit in die wiede ry is die toenemende arbeidsonrus. Groter fokus moet geplaas word op die opgradering van Suid Afrika se mededingende posisie. Suid Afrika se landbouproduktiwiteit staan op 1.5% wat beteken dat Suid Afrika besig is om agter te raak met sy produktiwiteit in vergelyking met die res van die ontwikkelde wêreld. Dit is te wyte aan 'n afname in beleggings en onsekerheid in landbou as gevolg van onrealistiese regeringsbeleid en onverantwoordelike uitsprake deur politici. Johannes Möller, president van Agri SA het die omskakeling van Agri SA na 'n maatskappy aan die kongres voorgehou waarna Omri van Zyl, Uitvoerende Direkteur van Agri SA gepraat het oor Agri SA as voorkeur besigheidsvennoot vir die landbouer en oor hoe Agri SA se struktuur die landbouer gaan bedien in die toekoms.

Tydens sy groeteboodskap het Pierre Vercueil, president van Agri NW gesê dat landbouers op grondvlak sal moet begin woeker en dat daar groter eenheid en deelname onder landbouers sal moet wees. Hy het ook gesê dat die enigste mense wat sinvolle grondhervorming kan laat gebeur is kommersiële boere self. Vercueil het ook gesê dat indien ons grondhervorming en bemagtiging wil laat werk dit nodig is dat ons die suksesvolle onderhandelinge en bedinging wat Agri SA met die regering gehad het, en nog steeds het, in die praktyk gestalte sal laat kry.

In sy groeteboodskap aan kongresgangers het Nic Bronkhorst, besturende direkteur van Obaro, wat ook die hoofborg van die Agri NW Kongres was, gesê dat die dooie hout uitgekap moet word wat landbou lamlê en ons as landbouers verhoed om vorentoe te beweeg in die bedryf van ons daaglikse landboubesigheid.

Pierre Vercueil is onbestrede as president herverkies en Cobus van Zyl en Willem De Chavonnes Vrucht as vise-presidente van Agri NW. Agri NW dra graag sy opregte dank oor aan elke borg vir hul ondersteuning wat bygedra het tot die suksesvolle aanbieding van die Kongres.

Agri NW bly 'n onmisbare Organisasie waarsonder landbou in die Noordwes Provinsie waarskynlik nie sal kan voortbestaan nie.

Uitgereik deur:

Agri NW-Hoofkantoor

Navrae:

Pierre Vercueil

082 524 8636

Cobus van Zyl

083 283 7076

Willem De Chavonnes Vrucht

082 946 2303

Boeta du Toit

082 388 1722

Naudé Pienaar

082 776 8283